**Wanneer kan 'n werknemer ontslaan word vir wangedrag?**

<u>Ontslag vir wangedrag sal slegs billik wees indien:</u>

- Die werknemer 'n werk reël oortree het.
- Die reël redelik en noodsaaklik was.
- Die werknemer bewus was van die reël, of daarvan bewus behoort te gewees het.
- Die werkgewer die reël konstant toegepas het.
- Dit paslik sou wees om die werknemer vir hierdie rede te ontslaan, eerder as om dissiplinêre stappe te neem of 'n mindere straf toe te pas soos 'n finale waarskuwing.

Werknemers behoort nie vir beuselagtighede of vir 'n eerste oortreding ontslaan te word nie, tensy laasgenoemde baie ernstig sou wees soos ongehoorsaamheid of oneerlikheid, opsetlike skade verrig aan die eiendom van die werkgewer, deur 'n ander se veiligheid in gevaar te stel of die fisiese aanranding van 'n kollega.

<u>Voordat daar besluit word om die werknemer te ontslaan vir wangedrag, moet die werkgewer oorweging gee aan:</u>

- Die omstandighede van die werknemer (byvoorbeeld die aanstellingsduur, dissiplinêre rekord en persoonlike omstandighede)
- Die aard van die werk
- Die omstandighede waarin die wangedrag plaasgevind het.

**Billike prosedures**

Werkgewers moet rekord hou van elke werknemer en indien daar herhaaldelike wangedrag was moet die werkgewer waarskuwings verskaf aan die werknemer. 'n Finale waarskuwing vir herhaaldelike wangedrag moet skriftelik verskaf word.

<u>Daar moet 'n billike verhoor plaasvind:</u>

- Indien die werknemer 'n werk gesant is moet die werkgewer eers die unie (vakbond) in kennis stel.
- Die werknemer moet vooraf weet wat die klagtes teen hom of haar inhou.
- Die werknemer moet voldoende tyd gegun word om voor te berei vir die verhoor.
- Die werknemer moet teenwoordig wees by die verhoor en toegelaat word om sy/haar saak te stel.
- Die werknemer moet toegelaat word om verteenwoordig te word by die verhoor deur 'n medewerker of werk gesant.
- Die werkgewer moet verseker dat al die getuies teen die werker die verhoor bywoon.
- Die werknemer moet toegelaat word om getuies te roep.
- Die werknemer moet redes ontvang vir enige besluit geneem.